Downloaded from www.mycourses.co.za

higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SERTIFIKAAT

# OPENBARE FINANSIES N5

(21010045)

**30 September 2020 (X-vraestel)**
**09:00–12:00**

**Hierdie vraestel bestaan uit 5 bladsye.**

147Q1B2030

Downloaded from www.mycourses.co.za

 Downloaded from www.mycourses.co.za 

**DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING**
**REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA**
NASIONALE SERTIFIKAAT
OPENBARE FINANSIES N5
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

---

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Beantwoord al die vrae.

2. Lees al die vrae aandagtig deur.

3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Skryf netjies en leesbaar.

---

Downloaded from www.mycourses.co.za
Kopiereg voorbehou 

 Downloaded from www.mycourses.co.za 

## AFDELING A

### VRAAG 1

1.1 Verduidelik elk van die volgende terme:

1.1.1 Deelnemende demokrasie

1.1.2 Projektoelae

1.1.3 Regsadviesdiens

1.1.4 Parlement

1.1.5 Direkte deelname

1.1.6 Rekeningkundige oudits

1.1.7 Interne finansiële regulasies

1.1.8 Demokrasie

1.1.9 Indirekte deelname

1.1.10 Tenderraad

(10 × 2) (20)

1.2 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.15) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

1.2.1 Die regsbank bestaan uit die grondwetlike hof, die hoogste hof van appèl en die landdroshof.

1.2.2 'n Eenpartystaat bestaan uit slegs een party wat al die besluite nee, terwyl geen opposisiepartye toegelaat word nie.

1.2.3 Wetgewende owerhede op alle regeringsvlakke moet nie hul gesag om belastings te hef na uitvoerende of administratiewe owerhede delegeer nie.

1.2.4 Munisipaliteite kry hul inkomste uit aksynsbelasting, die gebruik van sportgeriewe, en die verhuring van eiendom.

1.2.5 Rekeningkundige beamptes is hoofde van staatsdepartemente..

1.2.6 Die militêre funksie is om individue en gemeenskappe se lewens teen bedreigings te verdedig en beskerm.

1.2.7 Die wetgewer is vir die beveiliging van openbare fondse verantwoordelik.

Downloaded from www.mycourses.co.za

Kopiereg voorbehou 

Downloaded from www.mycourses.co.za

1.2.8 Behuising, provinsiale biblioteke en konstruksie van damme is voorbeelde van beperkte of vaste voorwaardelike toelaes.

1.2.9 'n Prys per eenheid kan vir hierdie diens bepaal word, wat dit 'n toedeelbare diens maak.

1.2.10 Gelyke verdeling is 'n formule vir regverdige, billike en onpartydige toewysing van belastinggesag en fondse wat noodsaaklik is vir goeie finansiële betrekkinge tussen regerings.

1.2.11 Om op die Finansiële en Fiskale Kommissie aangestel te word, moet 'n kandidaat onpartydig wees en 'n amp in 'n politieke partye beklee.

1.2.12 Die regering kry sy fondse hoofsaaklik uit die bruto binnelandse produk.

1.2.13 Die primêre doelwit van die Suid-Afrikaanse Reserwebank is om die waarde van die geldeenheid te beskerm in die belang van gebalanseerde en volhoubare ekonomiese groei in die Republiek.

1.2.14 Die vernaamste verantwoordelikhede van die finansieskomitee is om die veilige bewaring van fondse te verseker.

1.2.15 Die hoof finansiële beampte is verantwoordelik vir die korrektheid van finansiële transaksies en moet ook verslae aan die raad se finansieskomitee voorlê.

(15 × 2) (30)
**[50]**

**TOTAAL AFDELING A: 50**

**AFDELING B**

**VRAAG 2**

2.1 Noen en verduidelik die kenmerke wat 'n begroting in die algemeen beskryf. (5 × 2) (10)

2.2 Noem die kriteria wat die finansiële kapasiteit van elke regeringsinstelling om inkomste en fondse te genereer, beskryf. (3 × 2) (6)

2.3 Verduidelik die kenmerke van 'n laissez-faire regeringsideologie. (5 × 2) (10)

2.4 Bespreek finansiële besluitneming in 'n verteenwoordigende demokrasie. (5 × 2) (10)

2.5 Beskryf kortliks wat 'n *voorwaardelike toelae* is. (7 × 2) (14)
**[50]**

Downloaded from www.mycourses.co.za

Downloaded from www.mycourses.co.za

## VRAAG 3

3.1 Onderskei tussen k*onsensus* en *meerderheidsbesluitneming,* wat dit moontlik maak om besluite kollektief (gesamentlik) te neem. (2 × 6) (12)

3.2 Verduidelik VIER finansiële verantwoordelikhede van die rekeningkundige beampte. (8)

3.3 Noem SES kenmerke van sosialisme soos dit deur Gildenhuys (1993:8) opgesom word. (12)

3.4 Noem NEGE funksies van die voorsitter van die finansieskomitee. (18)

**[50]**

## VRAAG 4

4.1 Noen en verduidelik VIER verskillende metodes van privatisering. (4 × 4) (16)

4.2 Noem VYF vereistes waaraan 'n persoon moet voldoen om as ouditeur-generaal van die Republiek van Suid-Afrika aangestel te word. (5 × 2) (10)

4.3 Noem SES funksies van finansieskomitee op plaaslike regeringsvlak. (12)

4.4 Gee 'n voorbeeld van persentasies met betrekking tot politiekeparty-ondersteuning waarin geen partye 'n absolute meerderheid het nie. (3 × 2) (6)

4.5 Noem DRIE voorbeelde van staatsondernemings as hoofbronne van regeringsinkomste. (3 × 2) (6)

**[50]**

**TOTAAL AFDELING B: 150**
**GROOTTOTAAL: 200**

Downloaded from www.mycourses.co.za

Kopiereg voorbehou